

GRONDWET VAN STELLENBOSCH-STAATMAKERVELDKORNETSKAP VAN  
STELLENBOSCH



**INHOUDSOPGAWE**

VERKLARING	bl. 3
WOORDBEPALINGS	3
1. NAAM	3
2. LEUSE	3
3. GRONDSLAG	3
4. DOELSTELLINGS	3
5. BELOFTE	3
6. TAAL	3
7. LIDMAATSKAP	4
8. RANGE	4
9. BESTUUR	5
9.1 SAMESTELLING	5
9.2 KOÖPTERING	5
9.3 VERKIESING	5
9.4 TAKE EN BEVOEGDHEDE VAN BESTUUR	5
9.5 PLIGTE VAN LEDE VAN DIE BESTUUR	5
9.5.1 VOORSITTER	5
9.5.2 DIE SEKRETARIS	6
9.5.3 TESOURIER	6
9.5.4 ADDISIONELE LID 1:	6
9.5.5 ADDISIONELE LID 2:	6
10. VERGADERINGS	7
10.1 BESTUURSVERGADERINGS	7
10.2 ALGEMENE VERGADERINGS	7
10.3 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERING	8
10.4 ALGEMENE JAARVERGADERING	8
11. FINANSIEEL	9
11.1 ALGEMEEN	9
11.2 LEDEGELD	9
11.3 AFFILIASIE- EN REGISTRASIEGELDE	9
11.4 FINANSIËLE VERSLAG	9
11.5 OUDITEUR	9
12. TOEKENNINGS	9
13. GRONDWET	9
14. ONTBINDING	10

## **GRONDWET VAN STELLENBOSCH-STAATMAKERS STELLENBOSCH**

### **VERKLARING**

Die Staatmakers is die afdeling van Die Voortrekkers vir studente en werkende jongmense en as sodanig onderworpe aan die grondwet van die landswye Voortrekkerbeweging. Ter wille van die goeie orde en as Studenteraadserkende vereniging op die Stellenbosch-kampus, sal die onderstaande grondwet geld vir interne sake waarby slegs Stellenbosch Staatmakerveldkornetskap betrokke is. Dit maak ons egter geensins los van die bande wat ons grondwetlik, regtens en andersins aan die Voortrekkerbeweging bind nie. Met geskille binne die Stellenbosch studente gemeenskap sal gehandel word in terme van hierdie grondwet.

### **WOORDBEPALINGS**

Tensy uit die samehang anders blyk, word dit beskou dat in hierdie grondwet:

1. alle woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag insluit.
2. alle woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud insluit, en omgekeerd. (*Sien die bylaes vir die Doelstellings, Wese en Grondslag en grondwet van Die Voortrekkers en Kaaplandse Staatmakerkode.*)
3. Jeuglede
  - 3.1 'n Ontdekker is 'n voorskoolse seun of dogter.
  - 3.2 'n Penkop is 'n skoolgaande seun van die eerste tot die sewende skooljaar.
  - 3.3 'n Drawwertjie is 'n skoolgaande dogter van die eerste tot die sewende skooljaar.
  - 3.4 'n Verkenner is 'n skoolgaande seun of dogter van die agste tot die twaalfde skooljaar; of 'n seun of 'n dogter wat reeds die skool verlaat het maar nog nie 18 jaar oud is nie.

### **1. NAAM**

Die naam van die vereniging is Stellenbosch - Staatmakers. (Hierna genoem "Staatmakers").

### **2. LEUSE**

Die leuse van die veldkornetskap is "Om as jong Afrikaners die verskil te wees" na die idee van die 1998 Mini-konferensie in die Vrystaat.

### **3. GRONDSLAG**

Die grondslag van Die Voortrekkers en dus ook die Staatmakers is Die Woord-en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig

### **4. DOELSTELLINGS**

Benewens die doelstellings van die Voortrekkerbeweging, beywer die Staatmakers hom in die besonder:

- 4.1 om te voorsien in die behoeftes van jongmense op godsdienstige, psigo-sosiale, lewensbeskoulige en kulturele vlak, en hom daardeur te lei tot volle ontplooiing van sy persoonlikheid sodat hy op alle terreine van die samelewing sy plek kan volstaan.
- 4.2 om goed onderlegde en dinamiese leiers met die nodige praktiese kennis op te lei wat ook eendag weer diens sal lewer aan die Voortrekkerbeweging se jeug en in die samelewing.
- 4.3 om deur middel van spesiale projekte die lede toe te rus met die nodige opleiding om sodoende gemeenskapsdiens te lewer.

### **5. BELOFTE**

Elke Staatmaker sal by inlywing plegtig die volgende belofte aflê:

"Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag en wese van Die Voortrekkers en onderneem om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder".

### **6. TAAL**

Die taal van die Staatmakers is Afrikaans.

## 7. LIDMAATSKAP

Die volgende persone mag lede word van die Staatmakers:

7.1 Alle studente en werkende jongmense onder die ouderdom van 35 (vyf en dertig) wat ingeskrewe is aan die Universiteit van Stellenbosch.

7.2 Voornemende lede moet die doelstellings van die Voortrekkerbeweging onderskryf, en kan aansoek doen om lidmaatskap of lidmaatskap kan hulle aangebied word. Sodanige aansoeke of aanbiedinge van lidmaatskap moet deur die Staatmakerbestuur goedgekeur word.

7.3 By inlywing moet 'n Staatmaker voldoen aan die vereistes soos neergelê in die Staatmakerhandleiding en hy moet die Kaaplandse Staatmakerkode en hierdie grondwet ken en verstaan. Die vereistes in die Staatmakerhandleiding is onder meer dat hy die doelstellings, grondwet en wese van Die Voortrekkers moet onderskryf.

7.4 Daar word van 'n lid verwag om aktiwiteite aktief by te woon en indien hy nie 'n aktiwiteit kan bywoon nie, 'n geldige verskoning vooraf te verskaf.

7.5 'n Staatmaker se lidmaatskap kan beëindig word:

- a. op skriftelike versoek van die lid self.
- b. deur die Bestuur tydens 'n volle Bestuursvergadering en met 'n 2/3 (twee-derde) meerderheidstem.

7.5.1 Die name van lede wie se lidmaatskap beëindig is, moet op die eersvolgende Algemene Vergadering of Buitengewone Algemene Vergadering bekend gemaak word met opgawe van redes.

7.5.2 Enige 2 (twee) lede van die Staatmakers mag te eniger tyd by die Bestuur aanbeveel dat 'n lid se lidmaatskap opgehef word. Dit mag skriftelik of mondelings tydens 'n Bestuursvergadering geskied.

7.5.3 Wanneer 'n lid se lidmaatskap beëindig word, moet hy skriftelik daarvan in kennis gestel word.

7.6 Tug van lede:

Die Bestuur mag lede tug op enige wyse wat hulle goeddink, met as uiterste die oneervolle skorsing van 'n lid.

7.6.1 Bestuurslede is verantwoordelik aan die lede en mag op 'n Bestuursvergadering onthef word van hulle pligte:

- a. op skriftelike versoek van die Bestuurslid betrokke.
- b. deur die res van die Bestuur met opgawe van redes en 'n 2/3 (twee-derde) meerderheidstem. Hierdie besluit moet op die volgende Algemene Vergadering bekragtig word.

7.6.2 'n Mosie van wantroue in die volle Bestuur of bepaalde Bestuurslede mag tydens 'n Algemene Vergadering of Buitengewone Algemene Vergadering gestel word. Indien dit aangeneem word, is daardie lede verplig om te bedank en kan die vergadering dadelik nuwe lede verkies.

7.6.3 Die voorsitter van die vergadering word deur die lede teenwoordig aangewys.

7.6.4 'n Persoon wat oortree, moet by die Bestuur verkla word en het die reg om teenwoordig te wees wanneer sy saak bespreek word. Hy mag getuies roep, en die aanklaer mag dieselfde doen.

7.6.5 Die volle Bestuur tree op as jurie met die voorsitter wat 'n gewone, sowel as beslissende stem, het. Vakatures op die bestuur sal deur koöptering (9.2) gevul word tot die volgende verkiesing

## 8. RANGE

Range sal toegeken word na gelang van omstandighede en in ooreenstemming met die riglyne neergelê in die Reglemente vir Staatmaker en ander amptelike Voortrekkerstukke.

## 9. BESTUUR

### 9.1 SAMESTELLING

Die Bestuur bestaan uit minstens 'n Voorsitter, Sekretaris en 'n Tesourier, maar gewoonlik uit 5 lede, te wete die Voorsitter en 4 Bestuurslede wat die volgende portefeuljes behartig:

- 9.1.1 Voorsitter
- 9.1.2 Sekretaris
- 9.1.3 Tesourier
- 9.1.4 Addisionele lid 1:
- 9.1.5 Addisionele lid 2:

Indien enige lede van NK:SM (Nasionaal) of GK:SM (Provinsiaal) uit hierdie veldkornetskaps gekies word, sal hulle volle sitting op die Bestuur hê en sal die Bestuur dien ooreenkomstig vergroot word. Dié lede mag geen portefeulje behartig nie.

### 9.2 KOÖPTERING

Die Bestuur kan lede koöpteer waar nodig. Sodanige koöptering sal vir spesifieke aktiwiteite wees en die lid het nie stemreg op die bestuur nie.

### 9.3 VERKIESING

9.3.1 Die Bestuursverkiesing vind jaarliks plaas tydens die Algemene Jaarvergadering. Die voorsitter, sekretaris, tesourier en addisionele lede word verkies deur die hele vergadering, in daardie volgorde. Die ou Bestuur moet vooraf 'n stembuskomitee aanwys wat die verkiesing sal reël en hanteer. Bestuurslede moet ingelyfde Staatmakers wees.

9.3.2 Die verkiesing geskied as volg:

Nominasies vir 'n spesifieke portefeulje kan ingedien word deur elke stemgeregtigde van Die veldkornetskaps. Hieronder word verstaan dat dié wat afwesig is skriftelik hulle stemme moet indien. Uit hierdie nominasies word bepaal wie beskikbaar is vir die portefeulje. Hierna word vir die portefeulje gestem. Indien 'n kandidaat een stem meer as die helfte van die stemme op homself kry, is hy verkies in die posisie, as dit nie die geval is nie, word daar weer gestem tussen die drie kandidate met die meeste stemme. Dieselfde voorwaarde moet geld voordat die kandidaat verkies is in die posisie.

### 9.4 TAKE EN BEVOEGDHEDE VAN BESTUUR

- 9.4.1 Sien toe dat die doelstellings van die Voortrekkerbeweging nagestreef word.
- 9.4.2 Oefen die nodige dissiplinêre maatreëls uit.
- 9.4.3 Verantwoordelik vir die opstelling en uitvoering van die jaarprogram.
- 9.4.4 Verantwoordelik vir skakeling met die plaaslike Kommando, ander Staatmakergroepe en ander Kommando's.
- 9.4.5 Besluite word deur 'n gewone meerderheidstem geneem. Die voorsitter het 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

### 9.5 PLIGTE VAN LEDE VAN DIE BESTUUR

Algemeen: By die oorgang van 'n ou na 'n nuwe bestuur, is dit die verantwoordelikheid van die ou bestuur om die nuwe bestuur ten volle in te lig volgens hulle verkose portefeulje.

#### 9.5.1 VOORSITTER

- a. Gee leiding in die werksaamhede van die Staatmakers.
- b. Skakel met die SR-lid vir verenigings asook die SR-lid vir kultuur.
- c. Is verantwoordelik vir die registreer van Stellenbosch Staatmakers as 'n amptelike vereniging by die Universiteit.
- d. Verteenwoordig die Staatmakers by alle geleenthede waarby die groep betrek is.
- e. Tree op as sameroeper en reël, in samewerking met die sekretaris, Bestuursvergaderings en Algemene Vergaderings.
- f. Tree op as voorsitter by alle vergaderings.
- g. Dra sorg dat hy ten volle op hoogte is van vergaderingsprosedure en hanteer vergaderings daarvolgens.
- h. Lewer 'n verslag by elke Algemene Vergadering rakende die werksaamhede van die Staatmakers.
- i. Handig 'n volledige jaarverslag by die SR-kantoor in voor die einde van sy termyn.
- j. In sy afwesigheid word enige ander Bestuurslid deur die Bestuur as waarnemende voorsitter aangewys.
- k. Dien as veldkornet op die dagbestuur van die plaaslike Voortrekkerkommando en woon hulle dagbestuursvergaderings by.

*(Verwys na die Staatmakerhandleiding vir verdere omskrywing van take – ([www.voortrekkers.org.za](http://www.voortrekkers.org.za)))*

### 9.5.2 DIE SEKRETARIS

- a. Neem notule van alle vergaderings in die amptelike Staatmakernotuleboek en lê dit vir goedkeuring voor aan die daaropvolgende vergadering.
- b. Is verantwoordelik vir alle korrespondensie van die Staatmakers.
- c. Gee, soos vereis, behoorlik kennis van Bestuursvergaderings, Algemene Vergaderings en die Algemene Jaarvergadering.
- d. Sorg vir die bewaring van die dokumente en korrespondensie na en van die Staatmakers.
- e. Hou 'n amptelike teenwoordigheidsregister van lede (in 'n behoorlike boek) van alle bedrywighede van die Staatmakers in oorleg met die betrokke verantwoordelike persone.
- f. Ontvang skriftelike of mondelinge verskoning van lede wat nie bedrywighede kan bywoon nie en teken dit aan in die register.
- g. Doen opvolgwerk waar lede sonder verskoning afwesig was en rapporteer op die eersvolgende Bestuursvergadering.
- h. Skakel een keer per maand met die kommando sekretaris.
- i. Is verantwoordelik vir die inwin van artikels en foto's vanaf lede vir die byhou van die veldkornetskap se amptelike joernaal.
- j. Stuur berigte in na byvoorbeeld:
  - i. Die Hou Koers
  - ii. Die Vaste Komitee : Staatmakers se omsendbrief
  - iii. Die Wakis
  - iv. Die Matie
  - v. Ander dagblaaië en/of tydskrifte.
- k. Verantwoordelik vir die verspreiding van alle Staatmakerkennisgewings en die aanbring van die program op kennisgewingborde soos deur die Bestuur bepaal.
- l. Lê alle berigte en kennisgewings eers in nie-finale vorm aan die voorsitter en/of Bestuur voor vir goedkeuring en/of wysigings.  
(*Van bogenoemde take – spesifiek i, j en k – kan gedelegeer word na 'n verantwoordelike lid / bestuurslid.*)

### 9.5.3 TESOURIER

- a. Behartig die geldsake ooreenkomstig die doelstellings van die Voortrekkerbeweging en die Staatmakers.
- b. Doen op die eerste Bestuursvergadering van elke kwartaal verslag van die finansiële stand van die Staatmakers soos op daardie datum. Hou die Bestuur op hoogte van enige ongewone finansiële toedrag.
- c. Verantwoordelik vir die uitvoering van die begroting, wat deur die Bestuur binne 4 weke ná die Bestuurskamp opgestel moet word.
- d. Sorg vir die insameling van fondse en die reëling van fondsinsamelingsveldtogte.
- e. Sorg vir die inbetaling van alle fondse in die Staatmakers se amptelike rekening by die Universiteit van Stellenbosch en die uitreik van kwitansies.
- f. Adviseer die Bestuur in verband met die aanwending van fondse.
- g. Lê rekenings vir goedkeuring van uitbetaling voor aan die Bestuur.
- h. Doen uitbetalings van eise wat deur die Bestuur goedgekeur en deur die voorsitter onderteken is, aan lede.
- i. Lê een keer per jaar, soos die Verenigingskomitee vereis, die finansiële state van die Staatmakers voor.
- j. Lewer verslag van die finansiële state vir die jaar aan die Bestuur op die Bestuursvergadering wat die Algemene Jaarvergadering voorafgaan en aan die ander lede op die Algemene jaarvergadering.

### 9.5.4 ADDISIONELE LID 1:

- a. Verantwoordelik vir alle moontlike reklame oor die Staatmakers, die opstel / druk van plakkate en die opstel / druk van die jaarprogram.

### 9.5.5 ADDISIONELE LID 2:

- a. Verantwoordelik vir algemene take, soos hulp aan ander Bestuurslede met hulle pligte, asook algemene opdragte wat deur die Bestuur opgelê word.
- b. Verantwoordelik vir alle vervoerreëlings vir Staatmakerbedrywighede.

## 10. VERGADERINGS

### 10.1 BESTUURSVERGADERINGS

Bestuursvergaderings word gehou so dikwels soos en wanneer die voorsitter bepaal. Indien vergaderings op vasgestelde tye en volgens 'n vasgestelde agenda plaasvind, hoef slegs mondelings kennis gegee te word van die volgende vergadering en die agenda. Wanneer lede wil afwyk van die agenda, moet hulle reeds by die vorige vergadering sodanige wysiging op die agenda vir die volgende vergadering voorstel. Stemming vind plaas soos wat die voorsitter bepaal, behalwe in die geval van beëindiging van lidmaatskap waartydens die stemming altyd per geslote stembrief moet plaasvind.

'n Tipiese agenda sal die volgende behels:

- a. Opening
- b. Lief en Leed
- c. Korrespondensie
- d. Terugblik
- e. Sake op hande
- f. Algemeen – van elke bestuurslid

### 10.2 ALGEMENE VERGADERINGS

10.2.1 'n Algemene Vergadering van die Staatmakers vind plaas in die eerste en die tweede kwartaal van die jaar.

10.2.2 Die datum van die vergadering word deur die voorsitter, na oorlegpleging met die Bestuur, bepaal.

10.2.3 Die sekretaris moet, in opdrag van die voorsitter, minstens 14 (veertien) dae vooraf, tesame met die agenda, datum, tyd en plek, skriftelik kennis gee van die vergadering. Sodanige kennisgewing moet aan elke lid individueel gestuur of besorg word en ook op die kennisgewingborde wat die Staatmakers algemeen gebruik, aangebring word.

10.2.4 Die helfte van die lede plus een, vorm 'n kworum.

10.2.5 Die vergadering vind plaas onder die voorsitterskap van die voorsitter van die Staatmakers, of 'n aangewese Bestuurslid.

10.2.6 Indien die vereiste kworum nie teenwoordig is nie, verdaag die vergadering. Binne 3 (drie) dae ná die verdaging moet die sekretaris op die neergelegde wyse opnuut kennis gee van die vergadering. Sodanige vergadering moet binne 'n week ná die opstel van die kennisgewing plaasvind, en die aanwesige lede vorm die kworum.

10.2.7 Alle ingeskrewe lede van die Staatmakers wat ingelyf is en/of lede wat reeds ledegeld betaal het, het stemreg op die vergadering.

10.2.8 Stemming vind plaas soos deur die voorsitter bepaal: vir algemene sake deur middel van handopsteek en vir persone deur middel van stembriefies.

10.2.9 Die voorsitter van die vergadering het 'n gewone, sowel as 'n beslissende, stem.

10.2.10 Besluite word geneem deur 'n meerderheid van stemme van die stemgeregtigde aanwesige lede wat 'n stem uitbring.

10.2.11 Die agenda bestaan uit die volgende:

- a. Opening
- b. Kworum/stemgeregtigdes asook konstituering
- c. Verskonings en afwesiges
- d. Notule
- e. Sake uit die notule
- f. Korrespondensie
- g. Portefeuljeverslae
  - i. Terugblik
  - ii. Aktiwiteite vir die res van de kwartaal
  - iii. Finansies
- h. Mosies/Besprekingspunte
  - i. Algemeen
  - j. Verdaging

10.2.12 Verskonings moet die sekretaris bereik vóór die aanvang van die vergadering en moet skriftelik ingehandig word.

10.2.13 Mosies/besprekingspunte word deur die Bestuur of op skriftelike versoek van lede op die agenda geplaas. Alle mosies/ besprekingspunte moet vergesel word van die handtekening van die voorsteller en 2 (twee) sekondante en moet die sekretaris 2 (twee) weke voor die vergadering bereik.

10.2.14 Die Voorsitter mag besluit om die agenda van die vergadering nie te sluit nie.

### 10.3 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERING

10.3.1 In Buitengewone Algemene Vergadering kan te eniger tyd belê word:

- a. deur die Bestuur
- b. deur die Bestuur binne 14 (veertien) dae ná ontvangs van 'n skriftelike versoek onderteken deur ten minste 10 (tien) lede van die Staatmakers, of 25%, wat ook al die minste is.

10.3.2 Skriftelike kennisgewing, tesame met 'n volledige agenda, datum, tyd en plek van die vergadering moet in opdrag van die voorsitter deur die sekretaris gegee word minstens 3 (drie) dae vóór die datum daarvan soos bepaal deur die Bestuur. Sodanige kennisgewing moet op die kennisgewingborde wat algemeen deur die Staatmakers gebruik word, aangebring word en moet ook aan die lede besorg word.

10.3.3 Die prosedure en reëls sal verder dieselfde wees soos in die geval met 'n gewone Algemene Vergadering.

### 10.4 ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering is die hoogste gesag van die Staatmakers.

10.4.1 Die vergadering moet gedurende die derde kwartaal gehou word.

10.4.2 Vergadering reëlings is soos vir algemene vergaderings 10.2.2 tot 10.2.10

10.4.3 Stemming vind plaas soos vir 'n Algemene Vergadering 10.2.10, maar die Bestuursverkiesing geskied deur middel van stembriefies. Verwys na 9.3.2 en 10.2.8.

10.4.4 Die agenda bestaan uit die volgende:

- a. Opening
- b. Kworum/stemgeregtigdes
- c. Verskonings en afwesiges
- d. Notule
- e. Sake uit die notule
- f. Korrespondensie
- g. Jaarverslae:
  - i. Voorsitter
  - ii. Sekretaris
  - iii. Tesourier
  - iv. Ander Bestuurslede
- i. Bestuursverkiesing
- j. Wysigings aan grondwet
- k. Mosies/Besprekingspunte
- l. Algemeen
- m. Verdaging

10.4.5 Die bepalings van 10.2.12 tot 10.2.14 geld in hierdie vergadering



## **11. FINANSIEEL**

### **11.1 ALGEMEEN**

11.1.1 Die Bestuur is verantwoordelik vir die finansies van die Staatmakers

11.1.2 Die tesourier moet die Bestuur van raad bedien en leiding gee in verband met die aanwending van fondse.

11.1.3 Tjeks kan namens die Staatmakers deur die Universiteit van Stellenbosch op aanvraag uitgereik word. Die voorsitter en tesourier moet gesamentlik daarvoor toestemming gee.

11.1.4 Enige aankope van meer as R50 (vyftig rand) namens die Staatmakers deur enigiemand, mag alleenlik met die skriftelike goedkeuring van die Bestuur geskied.

11.1.5 'n Verslag / eis, tesame met die nodige bewyse van alle aankope, moet aan die tesourier gedoen word wat die uitbetalings sa1 doen ná goedkeuring deur die Bestuur.

### **11.2 LEDEGELD**

11.2.1 Ledegeld word jaarliks deur die Bestuur vasgestel.

11.2.2 Die betaling van ledegeld moet vóór die einde van Mei by die tesourier gedoen word, wat 'n kwitansie moet uitreik. Van hierdie bedrag moet ten minste die jaarlikse affiliasiegelde aan Die Voortrekkers voor die einde van Maart inbetaal word.

11.2.3 Ledegeld word in alle gevalle betaal tot aan die einde van die akademiese jaar en is geldig tot aan die begin van die daaropvolgende akademiese jaar.

11.2.4 Die Bestuur moet optree teen persone wat nie ledegeld binne die spertyd betaal nie.

### **11.3 AFFILIASIE- EN REGISTRASIEGELDE**

Affiliasie- / registrasiegelde is betaalbaar soos deur die Voortrekkerbeweging vereis.

### **11.4 FINANSIËLE VERSLAG**

Die tesourier moet sorg dat die finansiële verslag van die Staatmakers vóór die Algemene Jaarvergadering versorg is vir voorlegging aan die Bestuur en die Algemene Jaarvergadering.

### **11.5 OUDITEUR**

Die Staatmakers maak gebruik van die amptelike ouditeur van die Universiteit van Stellenbosch synde die vereniging se fondse as kostepunt by die Universiteit gehou word.

## **12. TOEKENNINGS**

12.1 Die Bestuur mag op eie diskresie spesiale toekennings maak of erkenning gee aan 'n lid of buitestaander wat uitsonderlike diens aan die Staatmakers op Stellenbosch gelewer het. Só 'n persoon sal bekend staan as "Vriend van Stellenbosch".

12.2 Sodanige erkenning kan tydens 'n spesiale geleentheid, 'n Algemene Vergadering of 'n Algemene Jaarvergadering gedoen word.

12.3 Offisiers- en Staatmakermedaljes kan ook aan staatmakers toegeken word. Die Bestuur kan 'n versoek / motivering rig aan die liggaam wat die onderskeie kentekens toeken. Die vereistes word uiteengesit in Die Voortrekker Reglemente.

## **13. GRONDWET**

13.1 Wysigings aan hierdie grondwet geskied alleenlik indien 2/3 (twee-derdes) van die aanwesige stemgeregtigde lede op 'n Algemene jaarvergadering ten gunste van die wysiging stem.

13.2 Skriftelike kennis van die beoogde wysiging moet tesame met die mosies van die Algemene Jaarvergadering aan elke lid gegee word.

13.3 Beoogde wysigings moet volledig uiteengesit en onderteken word deur die voorsteller en 2 (twee) sekondante. Die skriftelike voorstel moet die sekretaris ten minste 7 (sewe) dae voor die Algemene Jaarvergadering bereik.

**14. ONTBINDING**

Die veldkornetskaps van die Stellenbosse Staatmakers kan alleenlik ontbind word deur 'n Buitengewone Algemene Vergadering wat spesiaal byeengeroep is om die ontbinding te oorweeg, en mits 2/3 (tweederdes) van die lede wat teenwoordig is, daartoe besluit. Die kworum sal vyftig persent plus een (50% + 1) lede wees. Indien daar nie 'n kworum, teenwoordig is nie, vervel die ontbinding. Die Provinsieskakeldraer van die staatmakers in Kaapland moet vooraf in kennis gestel word indien so 'n vergadering sou plaasvind.

Datum: .....

Voorsitter: .....

Sekretaris: .....

Bylaes:

- A. Die Wese, grondslag en Doelstellings van Die Voortrekkers
- B. Kaaplandse Staatmakerkode
- C. Die Voortrekker kode

Alle ander insetsels kan by [www.voortrekkers.org.za](http://www.voortrekkers.org.za) gevind word.

**DIE WESE**

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens-en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.

**DOELSTELLINGS**

1. Om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit die geloof voortspruit, uit te leef.
2. om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe.
3. Om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar.
4. om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem dit wat goed is en daarop te bou vir die toekoms.
5. om die omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar
6. om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel
7. om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel

## **Staatmakerkode**

***As Staatmaker aanvaar ek die onderstaande as riglyn vir my optrede omdat my lewenswyse dien as voorbeeld vir veral die jeuglid:***

- 2.1** dat ek getrou sal wees aan die Staatmakerbelofte van *Die Voortrekkers*, dit my eie sal maak en sal bevorder
- 2.2** ek beskou dit as my plig om op hoogte te bly van die Voortrekkergrondwet en Reglemente en alle ander Voortrekkersake.
- 2.3** dat dit in die Beweging om die jeuglid gaan, dat die jeuglid se behoeftes, omstandighede en agtergrond bepalend moet wees vir my gedrag teenoor die jeuglid, en dat my positiewe siening van die jeuglid 'n vormende invloed op die jeuglid sal hê
- 2.4** dat ek oplettend sal wees ten opsigte van:
- kindermolestering, kindermishandeling en persoonlike probleme, dit simpatiek en vertroulik sal hanteer en indien nodig, sal aanmeld
  - die gedrag van ander volwassenes teenoor die kind, en enige probleme sal opvolg.
- 2.5** dat wanneer ek as Staatmaker in 'n gesagsposisie staan, ek nie 'n romantiese verhouding met 'n jeuglid kan aanknoop nie, aangesien dit gesag ondermyn
- 2.6** dat ek in my optrede teenoor die teenoorgestelde geslag, en spesifiek ook in 'n romantiese verhouding, so sal handel dat my Christenwees sigbaar sal wees, en ek nie aanstoot sal gee teenoor ander nie
- 2.7** dat ek met betrekking tot die handhawing van dissipline, te alle tye die menswaardigheid van die Voortrekker sal respekteer en ho/haar nie sal verneder nie
- 2.8** dat ek in my algemene gedrag in die openbaar:
- selfdissipline en selfbeheersing sal toepas t.o.v. rook, drank, taalgebruik en klere-drag
  - te alle tye sober en onberispelik sal optree en my nie sal skuldig maak aan misbruik, of die indruk van misbruik van enige aard, sal laat nie
- 2.9** dat ek lojaliteit en respek sal betoon teenoor alle lede van die Voortrekkerbeweging, my rang en posisie sal beklee in 'n gees van hulpvaardigheid en welwillendheid en my sal onderwerp aan die gesag van die persoon wat die leiding neem
- 2.10** dat ek betyds kennis sal gee indien 'n verantwoordelikheid nie nagekom kan word nie, en goed voorbereid, entoesiasies en simpatiek sal wees in die uitvoering van pligte
- 2.11** dat ek nie my persoonlike oortuigings en beskouings oor kerklike leerstellings, party-politieke en ander terreine van die openbare lewe, in Die Voortrekkerbeweging sal indra en bevorder nie
- 2.12** dat ek bereid sal wees om op gereelde basis formele en informele opleiding by te woon en ook bereid sal wees om opleiding te verskaf
- 2.13** dat ek die uitbouing van Die Voortrekerbeweging aktief voorop sal stel
- 2.14** dat ek my sal onderwerp aan enige ander toepaslike gedragskode van *Die Voortekkers*, en ek sal ook bereid wees om my te onderwerp aan 'n dissiplinêre verhoor van die betrokke Provinsiale Staatmaker Raad, indien ek hierdie kode sou verbreek.

## **VOORTREKKERKODE**

1. 'N VOORTREKKER GLO IN DIE DRIE-ENIGE GOD EN DIEN HOM.
2. 'N VOORTREKKER LEI 'N CHRISTELIKE LEWE.
3. 'N VOORTREKKER AANVAAR GESAG.
4. 'N VOORTREKKER HOU DIE TAAL EN KULTUUR VAN DIE AFRIKANERVOLK IN ERE.
5. 'N VOORTREKKER LEER UIT DIE GESKIEDENIS VAN SY VOLK EN BOU DIE TOEKOMS DAAROP.
6. 'N VOORTREKKER WAARDEER EN BEWAAR SY OMGEWING.
7. 'N VOORTREKKER IS 'N GOEIE LANDSBURGER.
8. 'N VOORTREKKER NEEM LEIDING.
9. 'N VOORTREKKER IS OPLETTEND EN WEERBAAR.
10. 'N VOORTREKKER IS DIENSVAARDIG.